# *Pieter Johannes Nagel*

## *1935 - 2025*



## Gedenkdiens vir

# Pieter Johannes Nagel

## Gebore: 31 Mei 1935 - Oorlede: 18 Julie 2025

Die diens word waargeneem deur Pastoor Dawid van Rensburg
vanuit die Deutsches Altersheim se Olthaver Saal
op Saterdag 26 Julie 2025 om 10:30.

**Skriflesing:**
Psalm 23

**Bedankings:**
Rudi Nagel

**Huldeblyk deur:**
Rudi Nagel

**Spreekbeurte deur:**
Kinders

**Verversings:**
Verskaf deur Deutshes Altersheim

**Sy heengaan word diep betreur deur:**
Sy kinders - Rudi, Pieter & Anika,
skoonkinders - Merinda & Francois,
kleinkinders, broer Johan en skoonsuster Gardi

# *Gesange:*

## *Genade onbeskryflik groot*

*Genade, onbeskryflik groot*

*het U aan my bewys:*

*Verlore seun - 'n wegloopkind -*

*weer in die Vaderhuis.*

*Ek is die naam van kind nie werd -*

*wou self my sake reël*

*My lewe, kanse, tyd en geld*

*is nutteloos verspeel.*

*Maar U sien ver, oneindig ver.*

*U sien my honger, dors.*

*Nog voordat ek kon skuld bely,*

*druk U my aan die bors.*

*Genade, onbeskryflik groot -*

*Daar's fees, ek is weer tuis.*

*U seun bring my - verlore mens*

*Weer in die Vaderhuis.*

## *Ek sien 'n nuwe hemel kom*

*Ek sien 'n nuwe hemel kom,*

*'n aarde nuut en vry.*

*Die see en al wat skei, verdwyn.*

*God self kom by ons bly.*

*Die nuwe stad, Jerusalem,*

*daal uit die hemel neer;*

*skoon soos 'n bruid in heerlikheid -*

*geliefde van die Heer.*

*Die Heer droog al die trane af,*

*verby is droefheid, dood.*

*Ja, pyn en smart wyk uit die hart -*

*ons moeite, angs en nood.*

*"Kyk, Ek maak alles nuut", sê God.*

*"Laat hom wat dors het, kom.*

*En hy sal vind hy is my kind;*

*Ek is 'n God vir hom!"*

*Oorwinnaars sal ons alles erf*

*en drink uit die fontein*

*van lewenswater, heerlik, rein.*

*En God sal oor ons skyn.*

# *Briewe:*

*Op 18 Julie het die Hemelse Vader ons pa van negentig jaar kom haal. Die stryd is gestry; die oorwinnaarskroon behaal en dus begin sy nuwe lewe by God, waar hy ook weer herenig is met sy geliefde Anna Louise, ons ma.*

*Hy sal gemis word, maar daar is 'n stille berusting in ons harte; ons weet ons pa is verlos van sy eie swaarkry en verlange.*

*Ons is dankbaar vir 'n magdom van tere en soet herinneringe wat ons van ons geliefde vader het, 'n man wat altyd sy vrou en kinders se belange bo sy eie geplaas het. In die woorde van die gelowige Job: "Die Here het gegee, die Here het geneem, loof die Naam van die Here."*

*Met harte vol liefde en vrede, neem ons vandag afskeid van Pa, totdat ons mekaar weer sien.*

***~ Rudi, Pieter en Anika***

**********

*Aan Rudi, Pieter en Anika  en al die ander lede van die uitgebreide Nagel "gesin": Ek dank die liewe  Heer dat ek  bevoorreg was on Pieter (Pieter/Jan) as 'n broer te kon hê -  'n ware broer in alle opsigte van my lewens bestaan. Ek groet julle en deel medelye.*

***~ Oom Johan Nagel***

**********

*Oupa Jan*
*Van 'n middag stappie met Tudor op die veld langs die huis in Swaardlelielaan, tot die daaglikse op en af vir die koerant in Willowdene. Dit is die oupa wat ek onthou, aktief, lief vir die vars lug. Selfs die snork, toe die onvermydelike gebeur, en Oupa die koerant toe oë lees, was baie aktief.*

*Dit is aan hierdie herinneringe wat ek vir altyd gaan vashou. Oupa was 'n man van geloof, wysheid en kurk-droë humor.*

*Dit voel vreemd om nie meer Oupa en Ouma Nagel met my te hê nie. Maar die feit dat hulle weer saam is maak my so ongelooflik bly.*
*Ek gaan Oupa mis, dankie vir alles Oupa Jan.*

***~Oupa se oudste kleinkind, Herdo***

© maartenvis.com














89









*Martins Begrafnis Dienste Pretoria*
*Leonette van Graan, Neil Pieterse*
*& personeel*
*Tel:  012 8071404,*
*24hr: 0824981981*